SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 09-Jul-2006
Topic: 25
Ref No: 2985
1
ID: 03360309-01
Source Page: 13

# Manier waarop jong kaper leer ideaal, sê prof

**CARIEN FOURIE**
Pretoria

Graadeentjies kan gewoonlik omtrent nie slaap van opgewondenheid voor hul eerste skooldag nie, maar iewers tussen gr. 1 en gr. 8 gebeur daar iets wat maak dat skool nie meer lekker is nie.

Dit kan een van die redes wees waarom sekere kinders wegbly van skool, het prof. Jonathan Jansen, dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, die afgelope week op 'n konferensie oor kinderarbeid gesê.

Jansen glo die meeste kinders wil eerder in "plekke van gestruktureerde onderwys" wees – nie noodwendig skole nie – as om op straat te wees of te werk. "Die idee dat kinders 'n natuurlike afkeer van leer het, is eenvoudig verkeerd."

Volgens hom word te min navorsing gedoen oor die "uitstootfaktor" in skole as deel van die probleem dat kinders die skool vroeër verlaat of wegbly van die skool. "Dit kan die enkele belangrikste hefboom wees wat ons het om kinders terug te bring skool toe en daar te hou."

Hy vra 'n terugkeer na die grondliggende beginsels van onderwys, eerder as allerlei soorte onderwysproefnemings en politieke ideologieë wat weerlose kinders net nog verder marginaliseer.

Hy gebruik as voorbeeld 'n onderhoud wat hy gelees het waarin 'n jong kaper vertel hoe hy leer om motors te steel.

Die kaper het uit ervaring geleer, van ander motordiewe, van meer "senior" diewe, en verder deur netjies aan te trek en 'n motorhandelaar te besoek om vrae te vra oor hoe motors se sekuriteitstelsels werk.

Hoewel hy die kaper se dade glad nie goedkeur nie, is die maniere waarop die kaper leer ideaal: deur rolspel, binne 'n groep eweknieë waar daar nie mededinging is nie, deur vrae te vra, en as 't ware in leerlingskap van meer ervare diewe, sê Jansen.

Volgens hom moet wegbeweeg word van die eksamengedrewe kultuur wat 'n belangrike rol daarin speel dat sekere kinders in die skool gehou word en ander uitgestoot word.

Verder is dit nodig om van voor af te dink wat die moeite werd is om in skole te leer.

"Baie van wat kinders leer, is steeds grootliks irrelevant tot wat hulle nodig het en wat die gemeenskap vereis."

Jansen sê skoolbestuurders moet met die regte kundigheid toegerus word om probleme vroeg raak te sien en doeltreffend in te gryp.

Verder moet skole se gebruik van tyd, veral in minderbevoorregte gemeenskappe, dringend politieke aandag kry. "Tot 80% van probleme verdwyn wanneer daar 'n voorspelbare tydrooster is."

Volgens Jansen hou die "uittrekfaktore" wat kinders van skool laat wegbly, meer verband met armoede, gesondheid en toegang tot skole as met onderwys of die skole self, ongeag hoe goed laasgenoemde is. Hiervoor is 'n omvattende, geïntegreerde en volgehoue strategie nodig.

Jansen het beperkte vertroue in die staat om hiermee sukses te behaal. Hy is meer oortuig dat die nodige energie sal kom van nie-regeringsorganisasies, vrywillige werkers en die welwillendheid van burgers.

Mense moet nuut dink en minder op die staat vertrou om die probleme alleen op te los, sê hy.

Source: RAPPORT
Date: 09-Jul-2006
Topic: 25
Ref No: 2985
1
ID: 03360309-02
Source Page: 13

# Baie SA kinders vir misdaad gebruik

Groot getalle kinders in Suid-Afrika word vir geld seksueel deur volwassenes uitgebuit.

Mnr. Dawie Bosch, hoof- tegniese adviseur van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) se program vir die uitwissing van die ergste vorms van kinderarbeid (TECL), sê kinders word onder meer as prostitute gebruik.

Hoewel dit moeilik is om oor sulke kwessies navorsing te doen, is al bevind dat een uit drie kinders wat in Suid-Afrika in hegtenis geneem word, deur volwassenes vir misdaad ingespan is. Handel in kinders kom egter nie in groot getalle voor nie.

Bosch het die afgelope week op die Reclisa-projek (Reducing Exploitative Child Labour in Southern Africa) se eerste Suider-Afrikaanse konferensie oor kinderarbeid gepraat.

Hy sê 'n opname wat in 1999 gedoen is, het getoon 1,7 miljoen kinders in Suid-Afrika werk meer as 12 uur per week, terwyl 200 000 kinders meer as 24 uur per week bestee om hout en water te gaan haal.

Werk wat kinders doen, word as kinderarbeid beskou as dit kinders skade aandoen, soos as dit skadelik is vir die kind se maatskaplike, geestelike en fisieke ontwikkeling, of die kind se opvoeding benadeel.

Suid-Afrika het reeds 'n program van aksie teen kinderarbeid. Bosch sê dit is nou belangrik dat die inwerkingstelling aandag kry.

Wêreldwyd het Afrika die laaste paar jaar die minste gevorder om kinderarbeid te bekamp.